

LATYN TWEEDE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur

200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n Antwoordblad.
 2. Lees die vrae noukeurig deur.
 3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A en EEN vraag uit Afdeling B.
 4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
 5. Antwoorde op Vraag 3.7 en 4.5 moet volgens die instruksies op die Antwoordblad geskryf word.
 6. Lewer asseblief jou Antwoordblad saam met jou Antwoordboek in. Vul asseblief jou eksamennommer op die Antwoordblad in.
 7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
-

AFDELING A VOORGESKREWE WERKE**Beantwoord al vier vrae in Afdeling A.****VRAAG 1**

M. CICERO S. D. M. MARIO

omnino, si quaeris, ludi apparatissimi, sed non tui stomachi; coniecturam enim facio de meo. quid enim delectationis habent sescenti muli in "Clytaemnestra" aut in "Equo Troiano" cretarrarum tria milia aut armatura varia peditatus et equitatus in aliqua pugna? quae popularem admirationem habuerunt, delectationem tibi nullam attulissent. reliquae sunt venationes binae per dies quinque ... sed quae potest homini esse polito delectatio, cum aut homo imbecillus a valentissima bestia laniatur aut praeclara bestia venabulo transverberatur? quae tamen, si videnda sunt, saepe vidisti; neque nos, qui haec spectavimus, quicquam novi vidimus. extremus elephantorum dies fuit.

[Cicero, Ad Familiares VII. 1.2 – 3]

- 1.1 Vertaal die uittreksel hierbo in Afrikaans. (30)
- 1.2 1.2.1 Wat is die spesiale geleentheid wat Cicero hier beskryf? (1)
- 1.2.2 Wat was die besondere betekenis van hierdie geleentheid? Gee twee redes. (4)
- 1.3 1.3.1 Wat het die soorte vermaak wat deur Cicero in reëls 2 en 3 genoem word, gemeen? (2)
- 1.3.2 Wat is Cicero se mening oor sulke vermaak? (2)
- 1.3.3 Waarmee kan Cicero vir Marius troos? (2)
- 1.4 Verduidelik waarom die laaste dag so 'n antiklimaks was en nie die doel van die persoon wat die vermaak gereël het, bereik het nie. (2)

[43]

VRAAG 2

res praetoribus erat nota solis, ignorabatur a ceteris. tum interventu Pomptini atque Flacci pugna, quae erat commissa, sedatur. litterae, quaecumque erant in eo comitatu, integris signis praetoribus traduntur; ipsi comprehensi ad me, cum iam dilucesceret, deducuntur.

introduxi Volturcium sine Gallis; fidem publicam iussu senatus dedi; hortatus sum, ut ea, quae sciret, sine timore indicaret. tum ille dixit ... a P.Lentulo se habere ad Catilinam mandata et litteras, ut servorum praesidio uteretur, ut ad urbem quam primum cum exercitu accederet; id autem eo consilio, ut, cum urbem ex omnibus partibus ... incendissent caedemque infinitam civium fecissent, praesto esset ille, qui et fugientes exciperet et se cum his urbanis ducibus coniungeret.

10

[Cicero, In Catilinam Orationes]

- 2.1 Vertaal die uittreksel hierbo in Afrikaans. (30)
- 2.2 2.2.1 Van watter plan het die praetore, Pomptinus en Flaccus, geweet? (2)
- 2.2.2 Na wie verwys Cicero met sy gebruik van die woord '*ipsi*' (reël 3)? (2)
- 2.3 2.3.1 Verduidelik die regsterm '*fides publica*' (reël 5). (2)
- 2.3.2 Watter moderne term is die regsekwivalent van '*fides publica*' (reël 5)? (1)
- 2.4 Verduidelik hoe die getuienis van Volturcius bygedra het tot die beëindiging van die sameswering. (3)
- 2.5 Hoe het Cicero as konsul na jou mening hierdie sameswering hanteer? Haal die feite soos jy dit ken aan om jou argument te staaf. (3)

[43]

VRAAG 3

ut primum alatis tetigit magalia plantis,
 Aenean fundantem arces ac tecta novantem
 conspicit ...
 continuo invadit: "Tu nunc Karthaginis altae
 fundamenta locas puchramque uxorius urbem 5
 extruis? heu, regni rerumque oblite tuarum!
 ipse deum tibi me claro demittit Olympo
 regnator, caelum ac terras qui numine torquet ...
 quid struis? aut qua spe Libycis teris otia terris?
 si te nulla movet tantarum gloria rerum 10
 nec super ipse tua moliris laude laborem,
 Ascanium surgentem et spes heredis Iuli
 respice" ...

[Vergilius, Aeneis Boek IV]

- 3.1 Vertaal die uittreksel hierbo in Afrikaans. (20)
- 3.2 Hoe gebeur dit dat Aeneas in Kartago is en wat doen hy daar? (3)
- 3.3 3.3.1 Wie praat met Aeneas? (1)
- 3.3.2 Wat is die toon van die woorde wat volg op '*continuo invadit*' (reël 4)? (2)
- 3.3.3 Wat is die impak van die woord '*uxorius*' (reël 5)? (1)
- 3.4 Wat is Olympus en wat is die klassieke betekenis daarvan? (1)
- 3.5 Watter effek skep die alliterasie van 's'- en 't'-klanke in reël 9? (1)
- 3.6 *Pietas* was een van die belangrikste deugde vir die ou Romeine. Dit het die ideale van plig, lojaliteit en toewyding aan 'n mens se gode, land en familie omvat. Verduidelik of Aeneas se huidige optrede hierdie idee handhaaf. (4)
- 3.7 Bestudeer reëls 6 en 8. Merk enige elisie wat voorkom en kwantiteite, en toon die versvoete en belangrikste *caesura* in elke reël.

Beantwoord hierdie vraag asseblief op die afsonderlike Antwoordblad wat voorsien word en plaas dit voor in jou Antwoordboek.

(5)
[38]

VRAAG 4

prospera lux oritur: linguis animisque favete!
 nunc dicenda bona sunt bona verba die.
 lite vacent aures, insanaque protinus absint
 iurgia; differ opus, livida turba, tuum! ...
 vestibus intactis Tarpeias itur in arces, 5
 et populus festo concolor ipse suo est,
 iamque novi praeaeunt fascēs, nova purpura fulget,
 et nova conspicuum pondera sentit ebur.
 colla rudes operum praebent ferienda iuveni,
 quos aluit campis herba Falisca suis. 10
 [Ovidius, Fasti I]

- 4.1 Vertaal die uittreksel hierbo in Afrikaans. (20)
- 4.2 4.2.1 Watter spesiale dag word beskryf? (1)
- 4.2.2 Verduidelik wat bedoel word met die bevel '*linguis animisque favete*' (reël 1). (2)
- 4.2.3 Waarom het die Romeine hierdie geloof gehad? (3)
- 4.3 Beskryf kortliks die seremonie waarna in reëls 5 – 8 verwys word. (3)
- 4.4 Verduidelik die betekenis van die kleur wat op hierdie dag oorheersend is. (2)
- 4.5 Bestudeer reëls 5 en 6. Merk enige elisie wat voorkom en kwantiteite, en toon die versvoete en belangrikste *caesura* in elke reël.

Beantwoord hierdie vraag asseblief op die afsonderlike Antwoordblad wat voorsien word en plaas dit voor in jou Antwoordboek. (5)
[36]

160 punte

AFDELING B**BEANTWOORD ASSEBLIEF ÓF VRAAG 5 ÓF VRAAG 6****VRAAG 5 GRAMMATIKALE EN SINTAKTIESE GEBRUIK**

Lees elke stuk en beantwoord die vrae wat volg.

Let wel: Elke groep vrae hou verband met die uittreksel wat onmiddellik voor die groep vrae verskyn.

M. CICERO S. D. M. MARIO

omnino, si quaeris, **ludi apparatissimi, sed non tui stomachi**; coniecturam enim facio de meo. quid enim **delectationis** habent sescenti muli in "Clytaemnestra" aut in "Equo Troiano" cretarrarum tria milia aut armatura varia peditatus et equitatus in aliqua pugna? quae popularem admirationem habuerunt, delectationem tibi nullam **attulissent**. reliquae sunt venationes binae per dies quinque ... sed quae potest homini esse polito 5 delectatio, cum aut homo imbecillus a valentissima bestia laniatur aut praeclara bestia venabulo transverberatur? **quae** tamen, si **videnda sunt**, saepe vidisti; neque nos, **qui** haec spectavimus, quicquam novi vidimus. extremus elephantorū dies fuit.

- 5.1 Watter Latynse werkwoord word verstaan in die sinsdeel '*ludi apparatissimi, sed non tui stomachi*' (reël 1)? (1)
- 5.2 Verklaar die gebruik van die subjunktiewe (konjunktiewe) modus van '*attulissent*' (reël 4). (2)
- 5.3 Benoem die konstruksie van '*videnda sunt*' (reël 7). (1)
- 5.4 Verduidelik die verskil in Cicero se gebruik van die betreklike voornaamwoorde '*quae*' (reël 7) en '*qui*' (reël 8). (2)
- 5.5 Noem en verklaar die naamval van:
 - 5.5.1 *tui stomachi* (reël 1) (2)
 - 5.5.2 *delectationis* (reël 2) (2)

res praetoribus erat nota solis, ignorabatur a ceteris. tum interventu Pomptini atque Flacci pugna, quae erat commissa, sedatur. litterae, quaecumque erant in eo comitatu, **integris signis** praetoribus traduntur; ipsi comprehensi ad me, cum iam dilucesceret, deducuntur.

introduxi Volturcium sine Gallis; fidem publicam iussu senatus dedi; hortatus sum, ut ea, quae **sciret**, sine timore indicaret. tum ille dixit ... a P.Lentulo se habere ad Catilinam mandata et litteras, ut servorum **praesidio uteretur**, ut ad urbem quam primum cum exercitu accederet; id autem eo consilio, ut, cum urbem ex omnibus partibus ... incendissent caedemque infinitam **civium** fecissent, **praesto** esset ille, qui et fugientes **exciperet** et se cum his urbanis ducibus coniungeret.

- 5.6 Die volgende werkwoorde '*sciret*' (reël 6), '*uteretur*' (reël 7) en '*exciperet*' (reël 10) is almal in dieselfde tyd van die subjunktiewe (konjunktiewe) modus, maar om verskillende redes. Verklaar die tyd en modus van elk. (6)
- 5.7 Noem en verklaar die naamval van:
- 5.7.1 *integris signis* (reël 3) (2)
- 5.7.2 *praesidio* (reël 7) (2)
- 5.7.3 *civium* (reël 9) (2)
- 5.8 Watter woordsoort is '*praesto*' (reël 9)? (1)

ut primum alatis tetigit magalia plantis,
 Aenean fundantem arces ac tecta novantem
 conspicit ...
 continuo invadit: "Tu nunc Karthaginis altae
 fundamenta locas puchramque uxorius urbem 5
 exstruis? heu, **regni** rerumque oblite tuarum!
 ipse deum tibi me claro demittit Olympo
 regnator, caelum ac terras qui numine torquet...
 quid struis? aut qua spe Libycis teris otia terris?
 si te nulla **movet** tantarum gloria rerum 10
 nec super ipse tua moliris laude laborem,
 Ascanium surgentem et spes **heredis** Iuli
 respice" ...

5.9 Soek in die uittreksel 'n voorbeeld van:

5.9.1 die onvoltooide (teenwoordige) deelwoord (1)

5.9.2 die voltooide (verlede) deelwoord (1)

5.9.3 die imperatief (1)

5.10 Gee 'n Latynse sinoniem vir die onderskikkende voegwoord '*ut primum*' (reël 1). (1)

5.11 Noem en verklaar die naamval van:

5.11.1 *regni* (reël 6) (2)

5.11.2 *heredis* (reël 12) (2)

5.12 Noem die tyd en modus en verklaar die modus van '*movet*' (reël 10). (2)

prospera lux oritur: linguis animisque favete!
 nunc dicenda bona sunt bona verba die.
 lite vacent aures, insanaque protinus **absint**
 iurgia; differ opus, livida turba, tuum! ...
 vestibus intactis Tarpeias **itur** in arces, 5
 et populus festo concolor ipse suo est,
 iamque novi praeceunt fascēs, nova purpura fulget,
 et nova conspicuum pondera sentit **ebur**.
 colla rudes operum praebent ferienda iuveni,
quos aluit campis herba Falisca suis. 10

- 5.13 Soek in die uittreksel 'n voorbeeld van die gerundivum-konstruksie en verduidelik sy funksie. (2)
- 5.14 Noem die tyd en modus en verklaar die modus van '*absint*' (reël 3). (2)
- 5.15 Hoe word die werkwoord '*itur*' (reël 5) in hierdie konteks gebruik? (1)
- 5.16 Wat is die geslag van die selfstandige naamwoord '*ebur*' (reël 8)? (1)
- 5.17 Waarom is '*quos*' (reël 10) manlik? (1)
- [40]**

OF

VRAAG 6 VERTALING IN LATYN

- 6.1 Vervang die woorde in vetdruk in die volgende uittreksels deur die toepaslike instruksie te volg. Die uittreksels kom uit jou voorgeskrewe werke:
- 6.1.1 *Itaque ut comperi legatos Allobrogum **belli** Transalpini **excitandi** causa ... esse sollicitos, facultatem mihi oblatam putavi ...*
 Gebruik 'n ondergeskikte bysin van doel, ingelei deur '*ut*'. (3)
- 6.1.2 *Palam iam cum hoste, **nullo impediēte**, bellum iuste geremus.*
 Gebruik 'n onderskikte bysin van oorsaak of rede, ingelei deur '*quod*'. (3)
- 6.1.3 ***Atria** domus excelsae **(tibi)** sunt **adeunda**.*
 Gebruik die onpersoonlike werkwoord '*oportet*'. (4)
- 6.2 Vertaal die volgende sinne in Latyn:
- 6.2.1 Dido kon nie oorreed word om te dink dat Aeneas na Italië sou vaar nie. (9)
- 6.2.2 Ek kan nie verstaan waarom Catullus so lank lief was vir Lesbia nie. Mag hy gou veel wyser wees! (11)
- 6.2.3 Alhoewel Seneca bokant 'n openbare bad gewoon het, was sy verstand so sterk dat hy nie verhoed is om te studeer nie. (10)
- [40]**

40 punte

Totaal: 200 punte